# HET JY 'N VRIESKAS VIR 'N HART?

*deur Stephan Joubert (E-Kerk)*

**Jesus het soveel liefde en respek vir mense gehad dat Hy alles agtergelaat het in die hemel om ons met sy lewe te kom dien. Wat van jouself? Het jy ook respek vir ander mense, of het jy 'n vrieskas vir 'n hart wat nie veel vir ander voel nie?**

**As jy 'n volgeling van Jesus is, dan kyk jy graag op na Hom en na ander. Dan is jy klein, en almal rondom jou groot.** Dan is jy onbelangrik en ander baie belangrik. Dan is jy 'n voltydse bewonderaar van God se menslike handewerk. Al het sonde en seer party mense stukkend gekrap, dan soek jy steeds vir 'n hemelse genadekolletjie iewers in hulle lewe. Dan is die respek wat jy aan hulle betoon die regte medisyne wat hulle heel maak.

**Jy moet 'n permanente veilige area vir ander wees.** Nee, nie 'n leeukuil nie, maar 'n hospitaal. Wees 'n man of vrou van respek. Nee, nie iemand wat dit heeltyd wil ontvang nie, maar iemand wat graag respek bewys aan ander. **Bewys respek aan die stukkendstes, die laagstes, die eenvoudigstes, die oudstes, die jongstes, die swakstes, die sieksters, die armstes en kyk wat gebeur — met hulle en met jou!**

**Respek vra van jou:**

- Deernisvolle dade teenoor elkeen wat jou pad kruis.
- 'n Luisterende oor — joune!
- Tyd — jou kosbare tyd om ander te dien.
- 'n Warm hart. Skakel jou yskas-hart vandag af. Ruil dit in vir 'n respek-hart!
- Kyk op na ander.

**Begin eerste by Christus, dan mense! Dan smelt daardie ys om jou hart teen die spoed van lig.**

**Ek bid**

U hart, Here, is vol liefde
U respek en deernis vir U skepping is orals te sien
Leer ons om ook met respek te leef
Laat ons opkyk na ander, nooit af nie
Laat ons dien
Laat ons ophou om diensverbruikers te wees
Skakel asseblief al ons yskasharte af
Plaas U hart in ons
In Christus se Naam
**Amen**

*Ds Leon Tait*



Maandblad NG Rietfontein-Suid 2010
Die Rietfluit
Ek het U hart-lik lief o Heer
Christus Eerste!
SEPTEMBER 2010

## *Ek wil graag bid!*

Jesus was 'n persoon van gebed. Hy het graag gebid. Hy het gebid wanneer mense Hom toegestroom het. Hy het gebid wanneer Hy groot keuses moes maak. Hy het gebid wanneer Hy hartseer of bang was. Hy het gebid wanneer Hy krag vir Sy werk nodig gehad het. Hy het gebid wanneer Hy bekommerd was oor mense vir wie Hy lief was. Hy het gebid wanneer Hy sterwend was. Gebed was nie vir Hom 'n plig nie, maar 'n leefwyse!

Die groot geheim dink ek, hoe gebed 'n groter rol in ons lewe kan speel is om nie oor gebed te dink as iets wat ons behoort te doen nie, maar eerder iets wat ons graag wil doen!



Hier is 'n paar wenke wat vir my gehelp het om dit meer te beleef:

- Deel alles met die Here
- Nooi Jesus saam om alles wat jy doen saam met jou te doen en te ervaar (kuier met Hom terwyl jy wat ook al doen!) bv. saam in die motor ry. Gesels met Hom oor die verkeer en die besige dag wat voorlê asook die dinge wat jy sien.
- Bid voor jy elke keer die telefoon beantwoord met die woorde : *mag hierdie persoon iets van Jesus se gesindheid en omgee by my hoor.*
- Gebruik wat jy op papier het as gebedsplatvorm bv rekening wat jou ontstel. Of jou sakelys van vergadering wat op jou hart lê.
- Gebruik die liggaamshouding wat vir jou die beste werk bv. sit , kniel, staan of beweeg. Vir my werk gebed in beweging die beste! (Terwyl ek stap of rondbeweeg).
- Gebruik aanbiddingsmusiek om jou aanbidding tot God te verwoord. Sing saam of beaam wat gesing word deur gebed!
- Wanneer jou gedagtes dwaal terwyl jy bid, stop en maak aantekeninge van die sake waaroor jy gedink het en bid dan vir die sake op jou lys. Sien dit as dinge wat Here op jou gebedslys vir die dag plaas!
- Maak van die Bybel se woorde 'n gebed, veral die Psalms werk goed.
- Antwoord die Here elke keer wanneer Hy met jou deur die Bybel praat.

Gebed is nie 'n ekstra plig wat jou energie tap nie, maar iets wat jou energie gee. Om met jou heel beste Vriend te ontmoet en te kuier is 'n vreugde en 'n inspirasie, nie waar nie?

Bid gedurig en geniet dit om met God saam te kuier!

***Ds Leon van Heerden***

GEREFORMEERDE GEMEENTE RIETFONTEIN-SUID
SAAM BOU ONS AAN SY KONINKRYK

**IN HIERDIE UITGAWE:**

| | |
|---|---|
| Taakspan vir Barmhartigheid | 3 |
| In gesprek met ... | 11 |
| Het jy 'n vrieskas vir 'n hart | 12 |

# !! ONTHOU DATUMS !!

- **<u>11Sept:</u>** KARNAVAL!!
- **<u>19 Sept:</u>** Doop & Gemeente-tee
- **<u>23 Sept:</u>** Skole sluit
- **<u>24 Sept:</u>** Erfenisdag

**Sien jou daar!**




**BOOMSLOPING** en snoei van bome & struike. Kontak Ernst by 083 656 4992

**LANDSKAPEERDER:** gee tuinadvies. Tuindienste beskikbaar. Skakel Arné 0760305222

Indien u enige items of dienste het om gratis aan te bied, kan u dit **GRATIS** in hierdie blaadjie adverteer! Skakel 083 235 0236

## MUFFINS

Bacon & Kaas @ R36 p/dosyn
Chock & Chock Chip @ R30 p/dosyn
Wit met Rosyne @ R30 p/dosyn
Nutty wheat & Rosyne @ R36 p/dosyn
Wit met Chock Chip @ R36 p/dosyn

**Ideaal vir vergaderings, verjaarsdae, funksies en enige ander geleenthede!**



**<u>Bestellings:</u> Skakel Anne-Marie van Zyl by 072 238 8932**

## Value Odds & Ends Construction

<u>Spesialiseer in:</u>

Plaveisel (niks te groot of te klein) / Teëlwerk / Algemene Bouwerk / Opknapping / Verbeterings / Verfwerk / Loodgieterswerk / Elektriese werk / Veiligheidsheinings & Hekke / Staalwerk / Afdakke

**<u>BETROUBAARHEID & KWALITEIT GEWAARBORG!!</u>**

Tel: (012)335-1949
Faks: (012)335-1169
Voortrekkersweg 899,
Wonderboom-Suid

**Simon 083 686 5676**



## In gesprek met …..Jeanette de Beer

Is 'n mens op soek is na 'n deeglike vrou wat daarvan hou om haar dagtaak ongesiens te verrig, hoef jy nie verder as Jeanette te soek nie.

Jeanette is sedert Januarie 2004 die kassiere by ons Gemeente en sorg tot vandag toe dat twee plus twee vier bly, sovêr dit die Gemeente se boeke betref.

Sy is 'n boorling van Kroonstad wat haar skoolopleiding in Bloemfontein voltooi het. Op skool was haar geliefkoosde sport waaraan sy deelgeneem het, hokkie. Na skool was sy by verskeie takke van Standard Bank werksaam, en het sy ook haar Diploma in Finansiële Rekeningkunde aan die, voorheen Technikon SA, verwerf .

Jeanette is getroud met Carl ('n ou skoolliefde) en hulle het vier kinders waarvan drie getroud is en die jongste is in die gelukkige posisie om nog in die huis te bly terwyl sy met haar studies besig is.

Sy en Carl is baie aktief betrokke by die aktiwiteite van die Gemeente en sy het 'n besondere sagte plek vir mense in nood. Jeanette was as berader lank betrokke by die Kankervereniging. Om so nou betrokke by terminale pasiënte te wees, vereis uitermatige hoë emosionele eise wat later net vir haar te veel geword het, aangesien dit elke keer vir haar gevoel het asof 'n naby familielid van haar weggeneem is.

Uit haar eie vertel sy vir jou dat sy tot bekering gekom het toe sy 23 jaar oud was. Dit het gebeur nadat 'n vreemdeling by haar deur aangeklop het. Hulle gesprek het gelei tot die **Sondaarsgebed** wat die persoon vir haar gebid het en dit het 'n daadwerklike ommekeer in haar lewe te weeg gebring.

Jeanette is baie lief vir die natuur en hulle familie hou daarvan om te gaan kamp. Somtyds sal sy en Carl alleen wegbreek vir 'n paar dae met sy motorfiets. Dit is dus amper vanselfsprekend dat sy baie lief is om tuin te maak. Sy is ook baie lief vir naaldwerk en haar gunsteling kleur is enige skakering van pienk. Verder hou sy ook daarvan om Biografieë te lees en boeke met 'n inspirerende boodskap. Sy verkies ook om eerder radio te luister as om televisie te kyk. Nog 'n droom van haar is om by 'n sopkombuis betrokke te raak.

Sou jy Jeanette wou bederf kan jy haar nooi vir kerrie-beesstert met 'n soeterige smaak en tamatieslaai daarby bedien.



As Jeanette aan die Jeug van vandag 'n boodskap kan gee, is dit dat jy nooit besluite moet neem sonder om die Here te raadpleeg nie, want enige besluit wat jy vandag neem, het 'n invloed op die res van jou lewe.

Jeanette het 'n groot afsku aan enige valsheid en mense wat voorgee, en daarom glo sy dat jy slegs aan ander doen wat jy aan jouself gedoen wil hê.

Jeanette is voorwaar 'n tien uit tien vrou, kassiere en lidmaat van die Gemeente!

**SONDAARSGEBED**

Ek glo in Jesus Christus

Ek bely my sonde

Ek gee my hele lewe aan Hom oor.

**c'nanru eiendomme**

ons bied 'n verskeidenheid van dienste:

- Gratis waardasies
- Bemark om te verkoop
- Kwalifisering van nuwe kopers
- Lening aansoeke
- Advies om eiendom se waarde te verhoog
- Boedelwaardasies

Naómi

082-804-1200 012-331-0015



*Akriel Naels*

*Sorette Carstens*

*Pryse*

*Volstel naels: R250,00*

*Opvul van naels: R140,00*

*Gel op toonnaels: R120,00*

*Kontakbesonderhede:*

*072-172-0145*



**DVD'S & CD'S**

**Wapenrusting Reeks**:

8-stuk dvd-stel @ R280

8-stuk cd-stel @ R120

**Alle eredienste**: is ook beskikbaar @ R40 per DVD & R20 per CD

Bestel by **MI toonbank** of skakel Suzette by 082 817 5604



# TAAKSPAN VIR BARMHARTIGHEID

**LEIER: ALLAN PRENTICE**

Ons harte gaan uit na Allen en sy familie wat onlangs verneem het dat hy beenkanker onderlêde het. Ons wens hom alle sterkte toe met die behandeling en bid vir 'n spoedige herstel. Ons dra ook vir hom en sy familie op in ons gebede.

**BEGRAFNISBEDIENING**

Die komitee het die afgelope kwartaal 'n buitengewone aantal begrafnisse gehad. Ons wens die komitee sterkte toe met hulle toewyding en diensbaarheid aan die familie in die moeilike tyd.

**SIEKESORG**

Die sameroeper, Pierre Malan doen 'n beroep op die gemeentelede om betrokke te raak en te help om siekes tuis te besoek. Indien u voel dat u by hulle wil inskakel kan u hom gerus kontak by (012)331-3119.

**NAALDWERKKLAS**

By die klas gaan dit goed. Afke en haar span lewer uitmuntende diens om die dames te help met naaldwerk. Hulle word ook geleer om van 'n patroon af te werk en hul eie patroon te ontwerp. As daar enige gemeentelede is wat betrokke wil raak, hetsy om te leer of om te help om ander te leer, is u baie welkom. Die dames kom elke Donderdagmiddag bymekaar. Indien u enige verdere inligting verlang kan u gerus vir Afke Hepkema by (012)330-1400 skakel.

**MOTORWAGTE**

Die motorwagte by Gezina stad het van eienaars verander en een van die karwagte het nou verskuif na Waverley Plaza, maar het gevra dat ons haar asseblief nog moet ondersteun met 'n kospakkie. Ons doen 'n beroep op die gemeentelede om asseblief nie op te hou om vir ons te help met donasies van blikkies kos nie, sodat ons kan voortgaan om naastediens te lewer aan die wagte. Oom Hennie wag nog steeds op 'n bed vir 'n heupvervanging maar dit lyk nie of dit in die nabye toekoms gaan realiseer nie. Wynand by Gezina Galleries was ook vir 3 weke af siek met griep en het vir die tyd geen salaris ontvang nie..

Onthou asseblief om aan hulle te dink in u gebede. Hulle het dit regtig baie nodig.

*Susan Plaisier*

# DIE WESE VAN DIE EWIGE LEWE (Joh 17:3)

*Soos geskryf deur Nico van der Walt*

### WAT IS DIE KENNIS VAN GOD?

Allereers moet ons drie penne goed inslaan:

1. Hebreeus en Grieks is die woord **"ken"** vol gelaaide begrippe: *om deur waarneming, oordenking en ervaring te ken*. Dit het dus te doen met *objektiewe kennis en subjektiewe belewing*. Die Bybelse begrip "om te ken" dui dikwels op 'n intieme verhouding en gemeenskap tussen persone. Gen 4:1: "En die mens het sy vrou Eva *beken*, en sy het swanger geword…." (OAV).
2. As mens Bybels wil omskryf wat die kennis van God behels, val dit op hoe dikwels dit in verband gebring word met *'n begrip en 'n belewing van Sy attribute, oftewel, die uitnemendheid van Sy karakter*. Bv. Jer. 9:24 (OAV) en Hos. 2:18-19.
3. Soos met alle kennis en verhoudinge, is daar ook hier sprake van graadverskille. Elkeen moet homself dus beoordeel: *is dit tipies van my lewe; herken ek dit in myself?*

Kennis van God behels drie onderskeibare, maar onskeibare elemente:

**Kennis van God is begrip van wat God Drie-enig oor Homself openbaar, wat saamhang met 'n voortgaande, bewustelike en persoonlike wandel met Hom, wat meebring insig in Sy wil en weë.**

Die eerste element het te doen met begrip van dit wat God oor Homself in die Skrif geopenbaar het. Dit het daarom te doen met denke en studie.

In 1Joh 5:20 skryf die apostel: "En ons weet dat die Seun van God gekom het *en ons verstand gegee het om die ware God te ken…".*

Omdat die kennis van God *méér* is as op hoogte wees met feite oor Hom, reken sommige hulle kan wegkom daarsonder—en dis 'n fatale fout! Presies *dít* is die rede waarom God so baie oor Homself aan ons geopenbaar het.

Sonder gedissiplineerde, denkende en biddende bestudering van wat God oor Homself in die Skrif openbaar, verval ons in 'n moeras van subjektiewe en eensydige willekeur. En misleiding is onvermydelik: ons skep 'n god na *ónS* beeld. Dit lei dus tot effektiewe afgodery en al die verwronge lewensuitinge wat noodwendig daaruit voortkom.

*Wie in 'n denkbeeldige god glo, sal met 'n denkbeeldige verlossing tevrede moet wees.*

J.I. Packer sê oor die bestudering van God se karakter: "No topic is greater, grander, or more important, and by the same token none is more demanding. It is the theological Mount Everest, and no one ever masters it or does it full justice."

Die tweede element het te doen met gemeenskap met God. Henog van ouds "het met God gewandel" (Gen 5:22, 24, OAV), Om God te ken is dus ook 'n *persoonlike verhoudingservaring* en word op minstens 2 maniere beleef:



**In dit wat God vir my doen: in gelowige herkenning, dankbare belewing en vererende erkenning van Sy attribute in aksie in my lewe en in hoe ek in respons vir Hom leef: in geloofsvertroue in Hom, asook liefdestoewyding en dankbare gehoorsaamheid aan Hom.**



# TAAKSPAN VIR OMGEEGROEPE

**Efesiërs 6: 10-20 – "DIE CHRISTEN SE WAPENRUSTING".**

Net om ons geheue te verfris sodat ons nie die belangrike reeks vergeet nie, is hier 'n klein oefening om ons Bybels net weer by Efesiërs 6 oop te maak en te bestudeer. Geniet dit!

| | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| B | S | V | E | R | L | O | S | S | I | N | G |
| O | P | G | E | L | O | O | F | G | A | N | O |
| R | N | S | T | K | R | A | G | P | I | M | R |
| S | T | W | O | O | R | D | O | T | A | B | D |
| H | V | R | E | D | E | G | S | B | O | S | E |
| A | R | A | M | E | O | U | W | X | Y | B | L |
| R | Y | W | A | A | R | H | E | I | D | G | O |
| N | S | Z | W | N | Y | S | T | R | Y | D | B |
| A | P | G | E | E | S | N | T | C | E | H | I |
| S | R | P | O | S | U | L | W | A | Z | Y | U |
| X | A | B | P | T | W | V | A | U | N | B | W |
| W | A | S | W | A | A | R | D | E | X | D | X |
| Y | K | M | E | V | A | N | G | E | L | I | E |

1. Soek julle ___________ in die Here en in Sy groot mag.
2. Trek die volle _______________ aan wat God julle gee.
3. Sodat julle ___________ kan bied in die dag van onheil.
4. … sodat julle op julle ______ kan bly ondanks die listige _______ van die duiwel.
5. Ons _______________ is nie teen vlees en bloed nie maar teen die ____ magte.
6. Bly dan op julle pos, toegerus met die __________ as ________ om julle heupe.
7. Die ______________ deur God as ________________.
8. Die bereidheid om die _______van ______ te verkondig as skoene aan die voete.
9. Daarby moet julle altyd _________ as skild in die hand hê.
10. Sit ___________ as helm op en vat die _______ van die ________, dit is die _________ van God.

**"DOEN DIT ALLES BIDDEND EN SMEEK GOD BY ELKE GELEENTHEID DEUR DIE GEES. WEES WAAKSAAM EN BID GEDURIG VIR AL DIE GELOWIGES".**

**VISIE VAN DIE OMGEEGROEPE-TAAKSPAN:**

Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroepe mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.

*Liezel Nieuwenhuis – Tel. No.: 076 840 5591*

# Boek-Hoek

**SEPTEMBER 2010**




Die boek van John Ortberg
“***The me I want to be***” is skitterend!

Dit is ‘n boek wat jou help om geestelik en as persoon te groei. Dit help ons om sommer ‘n lot “issues” wat ons dikwels mee stoei te oorwin. Elke kind van God wil graag op sy/haar beste wees! Deur hierdie boek wil die skrywer jou help om die beste jy te wees en te word!

Die goeie nuus is: *your life is God’s project, not yours!* Daar is ook ‘n dvd-pakket en studiewerkboek oor hierdie boek vir diè wat baie ernstig hieroor is. Onthou! hierdie is nie ‘n vinnige leesboekie nie, maar vaste kos wat jy stukkie vir stukkie moet verteer.

# Gebedsake

**SEPTEMBER 2010**

- Bid vir suiwer Woordverkondiging regoor die wêreld
- Bid vir almal met doofheid en hardhorendheid
- Bid vir die Leraars, Bedieningsleiers en Taak-spanleiers
- Bid vir ons gesinne - vir die verhoudings van gesinslede met mekaar
- Bid vir lidmate van ondergrondse/vervolgde kerke wêreldwyd
- Bid dat die karnaval ‘n sukses sal wees
- Bid vir Zimbabwe en verskillende sendings-aksies
- Bid vir veiligheid op ons land se paaie
- Bid vir alle Regeringsinstansies en- amptenare
- Bid vir die verskillende sendings-aksies





Ons mag nooit by die bloot teologies ophou nie. God het Homself nie aan die mens geopenbaar met die oog op die intellektuele en die spekulatiewe nie. Nee, Hy het Homself aan ons geopenbaar sodat ons Hom daarvolgens aanbid, liefhê en dien. Dis waarom die Bybel, as dit oor God praat, nie volstaan met abstrakte mededelings oor Hom nie, maar soos klokslag deursteek na die belewing van Sy attribute in persoonlike en alledaags-menslike terme.

*Nooit beskou die Bybel ‘n waarheid as geken, voordat dit nie die leerling se lewe beheers nie. En van niks geld dit meer as van die kennis van die Here nie.*

Hierdie beklemtoning help ons om nie in ‘n bloot serebrale en skolastiese Godsbeskouing te verval nie - iets wat leerstellig baie suiwer mag wees, dog terselfdertyd on-emosioneel en geestelike morsdood.

Maar ewe belangrik is dit om te beklemtoon dat die wandel met God nie ‘n bloot subjektiv-istiese en mistieke dialoog met Hom is nie.

Enersyds wandel ek met God as ek steeds gelowig deur die bril van die Woord na my ganse lewe kyk. So sien ek dan in my omstandighede en lewensvoortgang Sy intieme betrok-kenheid by my raak.

Andersyds wandel ek met God as ek steeds gelowig die praktiese implikasies uitleef van dit wat Hy oor Homself geopenbaar het, en dit wat Hy uitdruklik in Sy Woord aan my beveel het. Dis met ander woorde my respons op Sy reddened inisiatiewe, Sy voortgaande liefdes-trou en Sy soewereine regering in my lewe.

Só word die genadeverbond - dat die Here vir my ‘n Vader sal wees en dat ek vir Hom ‘n kind moet wees - ‘n daaglikse ervaringswerklikheid.

Dit word pragtig geïllustreer in Dawid se lewe. Neem bv. Ps 139. Hy skryf oor God se verhewe karaktertrekke - Sy alwetendheid, almag en alomteenwoordigheid. Maar hy doen dit nie in abstrakte terme nie; *hy doen dit aan die hand van sy persoonlike ervaringe daarvan.*

Hier is Ps 139 word die Naam van die Here 6 maal genoem; en persoonlike voornaam-woorde wat na Hom verwys ongeveer 30 keer. En na homself verwys Dawid ‘n stuk of 50 keer. Dus, in Dawid se diepste godsdiensbelewinge is daar eintlik net 2 betrokkenes - hyself en die Here. Daarom praat hy nie van “Hy” nie, maar van “U”; nie van “mense” nie, maar van “ek”.

Die derde element het te doen met ‘n insig in God se wil en weë.

Volgens die NIV pleit Moses só in Eks 33:13 by die Here: “If you are pleased with me, teach me your ways so I may know you and continue to find favour with you.” Ps 103:7 (OAV) sê dan: “Hy het aan Moses sy weë bekend gemaak, aan die kinders van Israel sy dade.”

Dit gaan hier oor ‘n wysheid en ‘n voortgaande vernuwing van denke wat my help om my rol in die uitwerking van God se wil vir my lewe duidelik te onderskei. Rom 12:2 vat dit raak: “Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.”

Hierdie saak het egter met meer as my persoonlike gehoorsaamheid te doen. Dis ook ‘n insig in hoe die Here normaalweg in hierdie wêreld, in Sy kerk en met mense werk of nie werk nie. Dis ‘n begrip van Sy ordes en die toepassing van Sy universele beginsels, Dis ‘n ver-staan van Sy voorkeure en afkeure - van dit wat Hom behaag en dit wat Hom vertoorn.

***…. vervolg***

# NUWE LIDMATE



André en Elmarie Groenewaldt
en Zac de Beer

**WELKOM** - dit is 'n voorreg om julle in ons midde te hê!

Mag julle sommer vinnig deel voel- en wees van ons lieflike Christus-familie.

Alle dank aan ons Here vir hierdie seën!!



Rina Schmidt,
Ruan Ferreira en
Liza Kemp





Pieter, Leonie, Maryna en Dewald Malan



Arne Oelofse

Ds. Dirk van Zyl





Dewaldt Nel en
Marguerite Esterhuyse